

HOOFSTUK III.

DIE VOORWAARDES VIR 'N KUNSOPVOEDING EN DIE AARD VAN DEELNAME IN DIE GEMEENSKAP.

1. Die Voorwaardes vir 'n Kunsopvoeding.

a. Die Mens.

Die mens as 'n kind van God en as 'n psigo-fisiese wese is toegerus met die volgende potensialiteite:

(i) Die mens is toegerus met 'n intellek wat hom in staat stel om te kan redeneer en om sy handeling en uitinge dienoooreenkomstig te kontroleer, dit wil sê om metodies te werk te kan gaan.

(ii) Die mens is toegerus met 'n skeppingsvermoë wat hom in staat stel om gestalte aan sy idees en belewings te kan gee.¹⁾ Sommige individue besit hierdie vermoë in 'n mindere, andere in 'n meerdere mate, dit berus op die mate van oorspronklikheid, verbeelding en vindingrykheid, en is die resultaat van oorerwing, omgewing en in 'n mate ook van oefening.²⁾ Dit is 'n eienskap wat deur God aan die mens gegee is en wat hom sodoende van alle ander lewende wesens onderskei.³⁾

(iii) Elke normale mens is toegerus met 'n kunssin of estetiese vermoë wat hom in staat stel om skoonheid te kan beleef en waardeer.⁴⁾ Ons stel belang in dinge waarvan ons hou, wat vir ons mooi of skoon is. In hierdie strewe om skoonheid te leer ken en liefkry, vind ons genot en tevredenheid. Kunsgenot is dan die voorwaarde en die bron van kuns-skepping maar nie die maatstaf nie. Ons maatstaf vir kuns

-
1. Coetzee: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 168.
 2. a) Whitford: An introduction to Art Education, 195.
b) Winslow: Art in Secondary Education, 105.
 3. Coetzee: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 169.
 4. T.a.p., 166.

berus op die smaak of estetiese oordeelsvermoë wat in 'n groot mate ook deur die intellek beheer word.¹⁾ Maar hierdie estetiese smaak is nie by almal van ons eners nie; dit hang af van ons inlewingsvermoë of persoonlikheid wat dan die aard en kwaliteit van ons waardering en skepping van 'n kunswerk bepaal. So word die vermoë vir „Einfühlung“ bepaal deur die balans van die vier basiese geestesaktiwiteite, te wete denke, gevoel, aandoening en intuïsie.²⁾ Die oorwegende geestesaktiwiteit bepaal dan die individu se estetiese vermoë of sy kunststyl.

Die kunssin word geprikkel deur 'n bewuste of onbewuste behoefte om skoonheid te leer ken en om die bonatuurlike te deurgrond. Hierdie estetiese strewe staan dan in 'n noue verband met die skeppingsdrang maar verskil in die opsig dat sy intensiteit wel deur oefening versterk kan word.³⁾ Die mens kan alleen volkome toegerus wees vir sy lewenstaak as hy geleer het om die skone te ken en te soek, te waardeer en te bemin.⁴⁾

b. Die Omgewing.

Die omgewing waarin die mens lewe en wat hy as psigo-fisiese wese kan belewe, bestaan in die eerste plek uit die natuur wat deur God geskep is, en in die tweede plek uitkunsprodukte wat deur die mens voortgebring is. Ons is dus omring deur kuns sowel as deur die natuur.

(i) Alle kunsuiting veronderstel die mens as skepper, maar die prikkel kom van die omgewing, die „Umwelt“. Sonder hierdie milieu is 'n voortbrenging van kuns onmoontlik. Uit die skoonheidservaring spruit die kunsskepping. Die mens moet sy omgewing waarneem en beleef; hy moet ontvanklik wees vir invloede van sy lewensmilieu en moet hom in sy lewensomstandighede kan inleef, voordat hy kuns kan voortbring. Nie alleen die natuur nie, maar ook die gees en struktuur van die gemeenskap

-
1. Poore: Art's Place in Education, 25.
 2. Read: Education through Art, 25.
 3. Whitford: An Introduction to Art Education, 190-193.
 4. Coetzee: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 278.

as geheel gee rigting aan 'n individu se kunsuiting, en beïnvloed direk of indirek sy uitkyk en belewing. Dit druk sy stempel op alle kunsprodukte af.

(ii) Nie alleen pas die mens hom by sy omgewing aan nie, maar hy werk ook op sy omgewing in, vorm en vervorm dit.¹⁾ Hy kry die geleentheid om 'n daadwerklike bydrae te lewer tot die verryking van die kultuurskat van die samelewing.

Hierdie aanpassing aan en inwerking op die omgewing vorm dan die essensiële deel van ons opvoeding. Deur die "Umwelt" die hele Natuur, openbaar God Hom aan die mens.

Met hierdie twee vereistes, naamlik die mens en die omgewing eindig die suiwer waarderende opvoeding. Maar vir die skeppende uiting of die vergestaltung van 'n siening of belewing is daar nog 'n derde faktor nodig, naamlik die medium en die individu se bekwaamheid in die hantering van daardie medium.

c. Die Medium.

Dit is alleen deur die gebruikmaking van een of ander medium of materiaal dat ons gestalte of sintuiglik waarneembare vorm aan 'n siening of belewing kan gee. Ons het dus te doen met media wat deur ons sintuie waargeneem kan word. Die medium bepaal dan die kunsprodukt. So praat ons van visuele, auditiewe en audio-visuele kuns. Elkeen van hierdie gebiede kan weer ooreenkomstig die medium in kleiner spesifieke terreine ingedeel word, soos onder andere die skilder- en beeldhoukuns, ook genoem die grafiese en plastiese kuns.

(i) In die vergestaltung van 'n siening of belewing vorm die medium 'n inherente deel van die kunsprodukt. Omdat elke medium sekere moontlikhede en beperkinge inhou, word die kunstenaar in sy uitingswerk in 'n groot mate daardeur gebind.

1. Coetzee: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 91

'n Gestalte in die grafiese of plastiese kuns is byvoorbeeld permanent, dit is daar, terwyl een in die auditiewe kuns slegs tydelik is, dit flits verby. Aan die ander kant weer kan ons deur middel van 'n auditiewe medium opeenvolgende belewinge of gebeure uitbeeld, terwyl ons deur middel van 'n grafiese of plastiese medium slegs gelyktydige belewinge kan uitbeeld. 'n Poging van 'n grafiese kunstenaar om ook die terrein van die auditiewe kuns in sy gebied op te neem, is dus 'n onbegonne taak.¹⁾

(ii) Bekwaamheid, die grammatika van die medium, vergemaklik uiting en gee ook nuwe uitingsmoontlikhede. 'n Kunsproduk kry daardeur groter estetiese waarde.

2. Die Aard van Deelname in die Gemeenskap.

In die lig van bogenoemde voorwaardes en vereistes sal gevind word dat die neiging tot deelname aan kunsbeleving en - uiting hom by die mens op verskillende maniere openbaar en verskillende kunstenaars oplewer.

a. Die skeppende kunstenaar, wat die vermoë besit om gestalte aan 'n siening of beleving te kan gee, dit is dan diegene wat 'n produktiewe bydrae kan lewer tot ons kultuur.

b. Die interpreterende kunstenaar, wat skeppings van ander kan vertolk. In die geval van die grafiese, plastiese en konstruktiewe kuns is die skeppende gelyktydig ook die interpreterende kunstenaar.

c. Die genietende kunstenaar of connoisseur, wat genot vind in iemand anders se skepping of interpretasie. In 'n mate is ons almal gebore kunstenaars, maar wanneer ons ouer word, word ons al hoe meer gekunsteld. 'n Ongunstige omgewing kan die normale groei van ons potensialiteit belemmer.²⁾

d. Die filister wat op grond van 'n gebrekkige opvoeding of omgewing geen gevoel vir kuns openbaar nie, hoewel

1. Poore: Arts Place in Education; 210.
2. Bulley: Have you Good Taste?, 14.

hy, soos reeds aangetoon, 'n mate van skeppingsvermoë en kunssin besit.

'n Indiwidu se deelname aan kuns word dus bepaal deur die balans tussen die skeppingsvermoë en die kunssin. Omdat die graad of intensiteit van albei potensialiteite by elke indiwidu verskil, daarom kan enigeen ook nie tot 'n ware skeppende kunstenaar ontwikkel nie; dit is die voorreg van die besonder talentvolle of die genie op kunsgebied. 'n Kunstenaar kan dus nie gemaak word nie. Alleen hy wat daardie besondere gawe van God ontvang het, kan kunstenaar wees. Iemand is dus kunstenaar by die grasia Gods. Elke normale mens kan nietemin tot 'n genietende kunstenaar opgevoed word.